

TEOLOGIE AS WETENSKAP: NOODSAAK VAN DIALOOG

Ek begin met die vraag: wanneer sal teologie as 'n wetenskap geld sodat teologiese arbeid 'n plek aan 'n openbare universiteit verseker kan wees? My gesprek is gebaseer op 'n artikel wat veel omvattender is; indien u daarvoor vra, stuur ek dit graag elektronies aan.

Teologie en wetenskap

Wetenskaplikes, filosowe, teoloë en historici bestudeer die verhouding tussen wetenskap en godsdiens sedert die 1960's. Uit die debat ontstaan die vraag of teologie as refleksie op godsdiens 'n plek aan universiteite het en of dit slegs tot kerklike kweekskole beperk moet word wat predikante as teoloë oplei. Dit hou verband met hoe die interaksie tussen wetenskap en teologie gesien word. Daar is verskillende wyses waarop die interaksie beskryf kan word en wat bepaal of teologie enigsins as wetenskap beskou word. Ek gebruik Ian Barbour se tipologie van sodanige samewerking: van konflik, onafhanklikheid, dialoog en integrasie.

Die **konflikmodel** voorsien dat wetenskap en godsdiens in ewige en prinsipiële konflik is, gebaseer op die Kerk se vervolging van Galileo en sommige kerke se verwerping van ewolusionisme. Die **onafhanklike** model redeneer dat wetenskap en teologie onderskeie domeine ondersoek wat verskillende vrae vereis. Die **integrasiemodel** voorsien samewerking tussen wetenskap en teologie op bepaalde beperkte terreine en die laaste model, **dialoog**, veronderstel 'n wederkerige verhouding tussen wetenskap en teologie wat impliseer dat daar gemene grond in voorveronderstellings, metode en konsepte is wat gesprek moontlik en selfs noodsaaklik maak.

Die debat of teologie by 'n universiteit hoort of tot kerklike skole gereleger behoort te word, hang af van die keuse van tipologie. Die konflik- en onafhanklike model laat ruimte dat teologie uit universiteite gelaat word omdat dit nie 'n wetenskap verteenwoordig nie. Die dialoogmodel wat na my mening die beste die samewerking beskryf, vereis dat teologie 'n gesprekspartner in en met die wetenskappe bly. Maar dit word gekortwiek wanneer teologie absolutistiese eise sou maak gebaseer op die veronderstelling dat die kerk met ewige waarhede werk wat nie krities bespreek kan word nie. Johan Buitendag meen sodanige teologiese beoefening vind in eksklusiewe isolasie plaas en lei noodwendig tot 'n enge, self-geregverdigde bekrompenheid wat gesprek met ander – binne teologiese asook groter wetenskaplike kringe - diskwalifiseer. En dit word maklik outoritêr, as kerklike owerhede die konfessioneel-teologiese taak moet sanksioneer en derhalwe sorgvuldig daarvoor waak sodat predikante en professore op grond van aanklagte oor leerdwaling hulle werk kan verloor. Hier gaan dit nie altyd meer om teologiese arbeid nie maar om die benutting van die mag wat kennis verleen om mense te na te kom. En onderliggend hieraan is die uitgediende modernisties-positivistiese veronderstelling dat 'n objektiewe liggaam van kennis bestaan wat volledig beskryf kan word, dat die besit van sodanige kennis

neutraal en waardevry is en dat die kennis van toepassing is op alle mens en almal baat, eerder as dat dit slegs 'n spesifieke klas of groep mense se belange dien.

Teologie as wêenskap kan gewoon geen ruimte laat vir sektariese eise dat 'n spesifieke teologiese tradisie alleen leersuiwerheid besit nie; daarom pleit Hans Küng vir 'n *ekumeniese* teologie waarin ander tradisies nie as opponente nie maar as vennote beskou word met wie dialoog gevoer word. Hy skryf, 'Ideological opponents should neither be ignored nor branded as heretics, not theologically commandeered, but interpreted in the best light *in critical sympathy* and at the same time exposed to fair, relevant discussion' (Küng 2006:214). Ons plasing in Suid-Afrika asook Afrika vereis 'n omvattende teologie wat diversiteit as 'n bate vier; slegs so sal teologie aan die vereistes van die Handves van Menseregte en die Grondwet voldoen en inklusief van rasse-, etniese en kulturele diversiteit sowel as van mense met gestremdhede wees. In die woorde van Nico Koopman, teologie moet drink by alle putte van kennis, ook van die vorige onderworpe mense. Pentekostalistiese teologie wat (ten minste vir sover Suid-Afrika betref) nou eers op pad na mondigwording is, mag dus nie imperialistiese eise maak dat dit alleen reg is, of meer korrek is as ander tradisies nie. Die norm van 'n Christelike teologie wat aan universiteite bedryf word, kan nie kerklike of teologiese tradisie wees nie maar slegs Christosentriese, ekumeniese teologie georiënteer aan die evangelie van Jesus Christus. Dit vorm myns insiens die belangrikste voorwaarde dat teologie as 'n wetenskaplike dissipline erken sal word, en wat 'n staanplek daarvoor op universiteitskampusse sal verseker. Die teologiese fakulteit aan 'n openbare universiteit kan slegs bydra tot die menslike poging om die werklikheid te deurgrond en te begryp deur middel van konstruktiewe dialoog.

Daarom is die duidelike onderskeid tussen teologiese fakulteite en kweekskole van belang. Kweekskole wat deur denominasies finansier word, het ten doel om studente in konfessionele teologie te onderlê; dit is 'n toerusting met die doel dat die kandidaatstudent binne die grense van die kerklike tradisie se etos en geloofsbelijdenis die evangelie effektief kan verkondig. Chris Wethmar waarsku egter: "Christian theology will no longer retain its position at state-funded universities for traditional religious or ideological reasons but it will have to justify its presence in academic and moral terms". Teologiese onderrig kán deur fakulteite verskaf word, onderworpe aan die eis wat geld dat studente nie slegs met inligting toegerus word nie - wat moontlik by sommige teologiese seminarie die geval mag wees - maar ook met die vermoë om krities te dink, wat die voorvereiste vir alle wetenskaplike arbeid is. Die kweekskool funksioneer dan onafhanklik van die fakulteit; die selfstandigheid van die fakulteit moet gewaarborg word om te verseker dat dit navorsing verteenwoordig wat onafhanklik, krities en in dialoog met gespreksvennote geskied en van intellektuele integriteit getuig. So word die onderskeid tussen akademiese teologie en konfessionele teologie gehandhaaf. Dit is nodig sodat verseker kan word dat teologiese ondersoek deurgaans 'n kritiese ingesteldheid teenoor sy metodologie handhaaf, oop vir betwisting bly, interdissiplinêr, multidissiplinêr en selfs transdissiplinêr navorsing doen en bydra tot die mens se soeke na begrip en betekenis. So alleen kan teologie sy plek op universiteit regverdig asook 'n

waardige dialoogvennoot van die wetenskappe word. As teologie die kerk wil dien, sal dit 'n sekere mate van vryheid teenoor die amptelike strukture van die kerk móét handhaaf. Ná alles word universiteite gedefinieer as plekke van onafhanklike, selfstandige debatvoering en betwisting (*contestation*) wat ruimte skep vir intellektuele aktiwiteite en vryheid van denke, wat dien as voorwaarde dat nuwe kennis gegeneer word.

Wanneer teologie sy plek binne die wetenskaplike veld vind, impliseer dit dat alle teorieë deurgaans aan ondersoek onderworpe bly. Wetenskaplike hipoteses kan in beginsel altyd as vals bewys word indien genoeg eksperimentering dit ondersteun. Karl Popper is dus nie korrek as hy meen dat teologie met 'waarhede' werk wat in beginsel nie as vals bewys kan word nie omdat wat geglo word nie aan eksperimentele ondersoek blootgestel word, of kan word nie. Dis waar dat teologie in geloof aanvaar dat God bestaan en dat Hy Hom in Christus openbaar het, en dat die Bybel die skriftelike neerslag (of primêre weergawe) van die openbaring bevat. Vir sover teologie egter die Bybel ondersoek sowel as spiritualiteit (as gelowiges se belewenis van die godsdienstige), moet dit as wetenskap sy hipoteses ook deurgaans aan kritiese ondersoek blootstel en in beginsel aanvaar dat sy veronderstellings as vals (of minder korrek) bewys kan word, sodat dit self-korrigerend bly.

Opsommend, wanneer 'n teologiese tradisie bely dat dit nie (slegs) met ewige waarhede handel nie maar krities nadink oor leer en lewe, word dit noodsaaklik om debat met alle gespreksvennote te voer. Die voorwaarde vir kritiese nadenke is immers dialoog met ander standpunte. Eers in gesprek kan die eie standpunt duideliker geformuleer word terwyl ruimte bestaan dat dit ook verryk kan word deur die insigte wat die gespreksvennoot oor tyd ontwikkel het, dikwels in die loop van eeue.

Hoe lyk so 'n dialoog? Wat ek nou beplan, is om so 'n gesprek te inisieer, met 'n onwaarskynlike gespreksvennoot, 'n mistikus wat in die veertiende eeu doelbewus anoniem oor God en die ervaring van sy teenwoordigheid skryf, 'n onderwerp van belang vir Pentekostaliste wat hulle teologie op die ontmoeting met God baseer. Die titel van die boek is *The Cloud of Unknowing*.

Historiese plasing van 'n veertiende eeuse Engelse gespreksvennoot

Die veertiende eeu was 'n turbulente periode in Europa. Die Westerse Christendom se kruistogte teen Islam het klaaglik misluk. Pous Bonifatius VII verklaar dat die pous se mag bokant dié van Europa se konings en vorste strek, om kort daarna Rome, Petrus se setel, te verruil vir Avignon in Frankryk. Christene beleef die Kerk is in ballingskap weggevoer; die sentrale punt van oriëntering in die wêreld het verskuif. Eers in die laaste kwart van die veertiende eeu kom die pous terug na Rome, net om 'n paar maande later te sterf. Sy opvolger tree so arrogant op dat die kardinale 'n nuwe pous verkies. Vir die volgende meer as vyftig jaar regeer twee pouse gelyktydig, en dit alles rig oneindig skade aan die Kerk en sy beeld aan.

In Engeland verklaar Skotland sy onafhanklikheid, koning Edward II word van die troon verdryf en vermoor. Kort daarna breek oorlog uit tussen Engeland en Frankryk wat vir 'n honderd jaar duur. Engeland beleef boonop die Swart Dood wat na beraming tussen 'n kwart en 'n derde van inwoners uitwis en tot grootskaalse hongersnood lei, waaruit die *Peasants' Revolt* ontwikkel. Teen die einde van die eeu word ook koning Richard II vermoor wat tot die *Wars of Roses* lei, 'n burgeroorlog wat families verskeur en die feodale adelstand effektief vernietig.

Die leed en lyding van die veertiende eeu lei tot 'n mistieke tradisie wat gedefinieer kan word as 'n reis na die innerlike waar God in die dieptes van die self gevind word. Skrywers waaronder John Ruysbroeck, Meister Eckhardt, Johannes Tauler, Dame Julian van Norwich en die onbekende skrywer van *The Cloud of Unknowing* is pioniers van die nuwe menslike eksperiment wat aansluit by wat reeds vir eeue in die Griekse en Oosterse kerk bestaan, die mistieke tradisie.

Reaksie op die mistieke tradisie

'n Mens kan – met goeie reg – op die mistieke tradisie reageer deur te verklaar dat dit 'n Roomse tradisie verteenwoordig wat vreemd is aan die spiritualiteit van die kerk waaraan jy behoort: die Rooms-Katolieke glo immers heil volg op gehoorsaamheid aan die leerstellings van die kerk en die ontvangs van genade deur die sewe sakramente. 'n Meer geldige argument sou wees dat die mistieke tradisie vreemd is aan Bybelse spiritualiteit, behalwe dat 'n mens dadelik moet erken dat die Bybel moeilik benut kan word om 'n spiritualiteit te beskryf. As jy teologie as 'n wetenskap bedryf, vra dit van jou (soos reeds geargumenteer) dat jy ander tradisies se spiritualiteit as uitnodiging tot 'n gesprek beskou. Die doel van die gesprek is hoegenaamd nie om deur die ander tradisie oortuig te raak nie maar om mede-gelowiges wat anders as ons dink en glo, te verstaan. Uit die begrip kom jy agter dat daar altyd iets te leer is by ander, al is dit dan net hoe om nie te redeneer of op te tree nie.

Kom ek noem 'n voorbeeld. Vir lank het die Pinksterbeweging die Rooms-Katolieke Kerk, en veral die pous, getipeer as die Antichris, godsdienstige verteenwoordiger van die vors van dié wêreld. Die Rooms Katolieke-Pinksterdialoog wat vanaf 1972 tot vandag duur en tans in sy sesde fase is, het veroorsaak dat die twee partye mekaar as geloofsgenote begin beskou het en die neiging is gestaak om mekaar stereotopies en veralgemenend te beskryf, en te hanteer.

Daarom meen ek dat selfs die mistieke tradisie 'n uitstekende gespreksgenoot kan word in die vorm van 'n boek wat in die veertiende eeu in Middel-Engels geskryf is, *The Cloud of Unknowing*. En soos daar elemente en aspekte van Rooms-Katolieke teologie en praxis is waarmee die Pinksterkerke nie kan saamstem nie, is daar in die mistieke tradisie ook elemente wat nie aanvaar of goed gepraat kan word nie. Dit beteken egter nie dat geen gesprek moontlik is nie.

Trouens, iets wat deurgaans by mistieke skrywers, insluitende die woestynvaders, beklemtoon word, is die belangrikheid en waarde van nederigheid wat bestaan uit ware kennis en waardering van jouself.

Selfs al kan mense vanuit die Pinkstertradisie net dit hoor, dat ons enige hoogmoed en hovaardigheid oor ons vermeende ‘Geesvervuldheid’, teologiese vermoëns en prestasies moet afsterf in die ontmoeting met die ware God, sal ons verryk wees deur ons gesprek met die mistici. In die woorde van Karen Armstrong, kenner van vergelykende godsdiens: *The Cloud* kan ‘n voorbeeld en bate vir hedendaagse Christene wees, ‘when occasionally an inherited prejudice or imagined superiority makes us dismiss the religions of people who have followed other venerable and inspiring forms of faith that could revitalize our own tradition.’

Belangrike konsepte in *The Cloud of Unknowing*

Die skrywer van *The Cloud of Unknowing* stel die vraag: Hoe is ek veronderstel om oor God te dink? Wie en wat is God? En antwoord dan daarop met: ‘I have no idea!’

Daar word vertel dat Thomas Aquinas in die dertiende eeu een oggend ná die oggendmis vir sy vriend noem dat hy nie een sin verder aan sy monumentale *Summa Theologiae* gaan dikteer nie – wat hy ook gedoen het - want ‘wat ek geskryf het, is strooi in vergelyking met wat ek gesien het.’ En dit sluit aan by die Oosters-Ortodokse Kerk se gevolgtrekking, dat God onbegryplik is omdat Hy buite die mens se verwysingsraamwerk val. Die Grieke het rasionele besprekings oor God as die mins betroubare vorm van teologie beskou. Die ware teoloog het die inhoud van sy of haar teologie gesien en beleef.

The Cloud noem dat as jy God in dié wêreld wil ‘ken’, jy jousef moet bevry van alle idees en konsepte wat jy het oor wie en wat God is. Soos Moses moet jy op die berg klim om Hom te ontmoet, net om uit te vind dat jy nie Hom beleef nie maar slegs ‘n donker wolk wat jou onkunde oor Hom weerspieël (‘the cloud of unknowing’). God is nie slegs ver bo ons idees en konsepte soos goedheid, liefde en genade nie maar selfs bó God self soos ons Hom verstaan. Daarom vra dit van nou om al jou menslike idees oor Hom agter te laat want die versoeking is telkens om ons idees oor God of die wyse waarop ons Hom voorstel as die korrekte weergawe van die onkenbare werklikheid te eien, wat ‘n vorm van afgodediens kan word: mense wat na God se beeld geskep is, skeep Hom nou na hulle eie beeld.

As jy by God wil uitkom, sê *The Cloud*, moet jy Hom liefhê. En dit kan eers wanneer Hy die nodige liefde in jou hart plaas. Daarom: rig jou strewes, jou hart en liefde volledig op Hom tot dit die wolk van die afwesigheid van intellektuele kennis deurdring en jy sy liefde ervaar. Rig jou wil en hart op Hom terwyl jy weet: Hy kan nie verstaan word met die intellek nie; jy kan Hom net liefhê. En dié liefde is ‘n gawe wat Hy vir jou gee, as jy Hom vra. ‘n Laaste vraag:

Wat kan *The Cloud of Unknowing* moontlik vandag vir gelowiges met ‘n Pinksterparadigma sê?

Iets wat mense buite die kerk opval, is dat alle gelowiges dieselfde Bybel lees maar by verskillende antwoorde uitkom. Hoe is dit moontlik? Jou hermeneutiese invalshoek bepaal hoe jy na die Bybel kyk en wat jy daarin raaklees. So het Calvyn die Bybel ás die Woord van God beskou; Luther het van die

standpunt uitgegaan dat die Woord van God in die Bybel gevind kan word. Meeste Pinksterteoloë het by sommige aspekte van Karl Barth (in navolging van Luther) se teologie aansluiting gevind, omdat hulle ruimte laat en verwag dat wanneer hulle die Bybel lees die Heilige Gees wat die Bybel geïnspireer het, dit lewend maak, 'n Woord van God waardeur Hy Hom nou openbaar. En wanneer Hy aan die woord kom, is dit nooit blote woorde nie; sy woorde skep altyd. Bybelstudie gaan dus vir Pinkstermense nie primêr om inligting oor God en leerstellings in die Bybel te soek nie; dit gaan om in die Bybel die padwysers te vind wat vir die mens aandui in watter rigting jy God gaan vind. En hierdie ontmoeting met God lei daartoe dat 'n spesifieke Skrifgedeelte vir jou persoonlike waarde kry, soms in 'n sin wat nie eens direk met die eksegeese daarvan in verband gebring kan word nie. Die hermeneutiese invalshoek van *The Cloud* begin – interessant genoeg - ook hier, by die Gees, en die rigting van interpretasie van die Skrif loop van die mens wat die salwing met die Gees ervaar, wat aan die hand van nadenke oor 'n Skrifgedeelte 'n ontmoeting met God ervaar en dan van daaruit die Skrifgedeelte eksistensiële interpreteer in terme van wat die mens beleef God vir die huidige konteks sê.

Wat ons soms oor God sê, klink of ons presies en in groot besonderhede weet wat God wil hê mense in elke situasie moet doen, dalk omdat ons teologie deur die lens van ons eie selfgesentreerde, selfgerigte teologiese paradigma val wat gedryf word deur Westerse waardes soos materialisme en verbruikerisme. Dan is dit asof ons die reg voorbehou om namens Hom te praat en ons doen dit ook met groot stelligheid en sekerheid. Hierteenoor beklemtoon *The Cloud* dat God nie in absolutistiese en onveranderlike kategorieë bevat kan word nie. As die grootste Misterie wat in die heelal bestaan, is Hy groter as die heelal, die skepping wat nie eens deur menslike denke deurgrond kan word nie. Hy is die onbeskryflike Werklikheid wat buite en bo sy skepping, en die Bybel bestaan maar Homself inperk om ook in sy skepping te woon sonder om daarin op te gaan.

Mistieke teologie nooi ons om weer te gaan nadink oor wie God is, maar ook oor wat gebed is. Mense wat naby God se woonplek gekom het, skryf Thomas Merton, mistieke skrywer van die twintigste eeu, het min om oor Hom te sê want hulle het uitgevind dat stilte meer sin van hulle ervaring maak as baie woorde. Die mens vind God in die wolk, 'n metafoor vir 'n ingesteldheid waar 'n mens ontvanklik en sonder vooropgestelde idees met naakte liefde voor God kom. Wat is na alles daar wat ons kwansuis vir God kan vertel wat Hy nie weet nie? En is dit nie veel belangriker dat Hy aan die woord kom terwyl ons bid nie? In plaas daarvan om vir Hom te vertel wat ons wil hê Hy moet doen, word dit veel belangriker dat ons Hom ontmoet, waaruit ons vertrou groei om Hom te volg waar Hy ook al lei. Eerder as om te vra dat Hy omstandighede verander, vertrou ons Hom dat Hy dié omstandighede vir 'n rede gekies het. En dat wat ons ontvang, goed en genoeg is omdat dit uit sy hand kom.

In die Pinkstertradisie word spreke in tale in verband met die Geestesdoop gebring en veral as 'n gebedstaal beskou. Tale word die medium wat die mens se intellek verbygaan om in die gees met God te kommunikeer op 'n vlak wat die onbewuste van die mens betrek en, dikwels is die ervaring, ook

heelmaak. Die gebruik om vir periodes te vas en in gebed af te sonder, wat wyd in die Pinkstertradisie voorkom, fasiliteer ook groei in die verhouding met God wat verrykend is. Dit sluit aan by die mistici wat gebed beskryf in terme van die intellektuele maar ook noem dat dit op 'n ander vlak funksioneer, waar direkte kommunikasie van God se Gees en die mens se gees plaasvind wat die kognitiewe oorspan.

Die mistieke tradisie kan dus verrykend vir Pinkstermense wees indien hulle versigtig luister en saam gesels oor aspekte wat hulle verder en dalk selfs ook nuut kan laat dink oor hulle teologie en praxis.

Ter opsomming,

Ek het geargumenteer dat konfessionele teologie beswaarlik as wetenskap geld wanneer dit vanuit die veronderstelling funksioneer dat dit met ewige waarhede alleen omgaan. Hierteenoor staan ekumeniese teologie wat erken dat eie interpretasie van die Skrif asook nadenke oor God menslik ingekleur word en vir daardie rede verryk kan word deur voortdurende selfondersoek asook dialoog met ander tradisies. Die wese van wetenskap is immers dat dit voortdurend self-korrigerend is in 'n poging om universalisties in sy bevindinge te word. Eers in inter- en intradissiplinêre gesprek sal teologie sy staanplek op universiteitsvlak kan regverdig.

As voorbeeld van so 'n dialoog het ek een proponent van die mistieke tradisie gekies en probeer aantoon hoe Pinksterteologie daarby kan baat. Mistieke teologie verwag om God in sy immanente transendensie te ontmoet, in die wolk van totale onkunde oor wie en wat Hy is. Die God wat deur die rasonele denke bevat (in die sin van '*contain*') en verduidelik kan word, is 'n produk van 'n deel van Westerse teologie. Rationeel-gebaseerde teologie wat kenmerkend van positivisme is, lei soms tot hoogmoed en hovaardigheid terwyl mistieke teologie jou onkundigheid oor die subjek van teologie beklemtoon, wat jou nederig laat.

Die interessante is dat talle Westerse mistieke skrywers ewe tuis in die akademiese wêreld van hulle dag as in die woestyn of klooster was. Tog distansieer hulle hul op gereserveerde wyse van die akademie omdat hulle besef dat 'the meddling intellect' (soos William Wordsworth dit beskryf het) min te doen het met die visie van God; trouens, dit dien dikwels as die grootste enkele struikelblok om God in die dieptes van die innerlike te ontmoet. Want die ontmoeting met God vind plaas op 'n vlak van die brein en bevat 'n waardering en erkenning van die werklikheid wat dieper gaan, en waarskynlik meer argaïes is, as die rasioneel-kognitief-serebrale.

Ek dank u vir u aandag.